Verduideliking van die Nagmaal vir Kinders/Gesinsnagmaal

Matteus 26: 26-30 (Mark. 14:22-26; Luk. 22:15-20; 1 Kor. 11:23-25)

Die instelling van die Nagmaal

26En terwyl hulle eet, het Jesus brood geneem en die seën gevra. Daarna het Hy dit gebreek en vir sy dissipels gegee met die woorde: "Neem, eet; dit is my liggaam." 27Toe neem Hy 'n beker, en nadat Hy die dankgebed uitgespreek het, gee Hy dit vir hulle en sê: "Drink almal daaruit, 28want dit is my bloed, die bloed waardeur die verbond beseël word en wat vir baie vergiet word tot vergewing van sondes. 29Ek sê vir julle: Van nou af sal Ek nie weer van hierdie wyn drink nie tot op die dag wanneer Ek saam met julle die nuwe wyn in die koninkryk van my Vader sal drink." 30Nadat hulle die lofsang gesing het, het hulle uitgegaan Olyfberg toe (1983 Vertaling).

Soveel van die spesiale oomblikke in die lewe gebeur rondom tafels. Dis waar ons gesels, eet, kuier, werk en soms selfs speel. Dis ook die plek waarheen ons elke keer weer terugkom. Na 'n lang dag by die skool of werk, of nadat ons heel middag lekker gespeel het, kom sit ons aan by die tafel. Jesus het geweet dat om saam om te eet deel is van ons bestaan. Hy het een van die mees alledaagse gebeurtenisse in ons lewe gebruik om ons vir ewig te herinner aan wie Hy is. Die Nagmaal herinner ons ook dat ons sy navolgers is en wat ware gemeenskap is.

Die Nagmaal is 'n fisiese teken wat ons herinner aan God se ewigdurende, onvoorwaardelike liefde vir ons. Wanneer ons die brood eet en wyn/sap drink, herinner dit ons dat Christus sy liggaam (brood) en sy bloed (wyn/sap) gegee het sodat ALMAL vergewe kan word en ALMAL mag deel in sy liefde. Dis 'n geleentheid waar ons vir 'n oomblik nadink oor sy lyding, maar dit is ook 'n fees wat ons vier saam met ander, juis sodat ons kan onthou dat Jesus ons almal liefhet en dat ons mekaar ook só moet liefhê. Die viering van die Nagmaal vind reeds sedert die ontstaan van die kerk plaas. Jesus self het hierdie sakrament vir sy dissipels ingestel (Matteus 26, Markus 14, Lukas 22 en Johannes 13) en daarom word dit deur die eeue heen as 'n sentrale deel van kerkwees beskou. Dit is dus geen wonder dat die Nagmaal ook tydens die Reformasie as 'n saak van groot erns geag is nie.

Denkers soos die tydgenote Martin Luther en Ulrich Zwingli, asook Johannes Calvyn ('n paar jaar later) het geglo dat die wyse waarop die Nagmaal gedurende dié tyd in die Katolieke Kerk gevier is, nie heeltemal strook met dit wat ons in die Skrif lees nie, en dat daar dus nuut gedink moet word oor wát die Nagmaal beteken, en hóé dit gevier moet word. Alhoewel daar uiteindelik verskillende sienings oor die Nagmaal tydens die Reformasie na vore gekom het, kan ons as Gereformeerdes, volgens Professor Dirkie Smit, sê dat die volgende basiese oortuigings as fondament vir ons se siening van die Nagmaal dien:

Die Drie-enige God wat ons aanbid is 'n lewende God wat ons werklik in en deur die sakrament ontmoet. God sélf het die Nagmaal ingestel en Hom verbind om deur Sy Woord en die sakramente met ons te handel. Dit is nie net 'n ritueel wat ons uit ons eie doen of vier nie, maar dit 'n geskenk wat ons van God ontvang.

Die Nagmaal sentreer rondom die Evangelie; dit bevestig God se beloftes aan ons, gee aan ons die versekering van God se genade, en herinner ons aan God se getroue liefde wat Hy onvoorwaardelik aan ons gee.

Die inhoud van die Nagmaal en die versekering wat die sakrament gee, is Christus. Wanneer ons die Nagmaal vier, word ons met Christus se kruisiging, dood en opstanding verenig.

Christus is waarlik in die Nagmaal teenwoordig. Tydens die Reformasie is daar afstand gedoen van die siening van die Katolieke Kerk dat Christus fisies in die brood en in die wyn teenwoordig is, en is Christus se geestelike teenwoordigheid met die viering van die sakrament bevestig. Alhoewel ons dus nie glo dat die brood en die wyn die fisiese liggaam en bloed van Christus is nie, is dit, vir ons, steeds meer as net 'n blote simbool: Christus ís waarlik teenwoordig, en ons word, in en deur die brood en die wyn, geestelik deur Hom gevoed.

Deur Christus se teenwoordigheid en die werk van sy Gees in die sakrament word ons geloof versterk; die Nagmaal verseker ons van God se beloftes. Hierdie versekering wat ons as gelowiges telkens met die Nagmaal ontvang, moedig ons aan om opnuut 'n lewe van dankbaarheid en toewyding te leef.

Deur die sakrament van die Nagmaal word ons met al ons broers en susters verenig om as een Liggaam die evangelie in die wêreld uit te leef met wedersydse liefde, omgee en vrygewigheid.

Die Nagmaal, soos verstaan in die Gereformeerde tradisie, openbaar wat die menslike lewe deur God se genade veronderstel is om te wees: 'n konkrete teken en seël van God se belofte van 'n nuwe, bevryde en versoende mensdom. Om by hierdie tafel aan te sit, te eet en te drink, is om met Christus deur die Gees verenig te word, en om uitgedaag te word deur die onvoorwaardelike, selfopofferende, samebindende liefde van die Drie-enige God vir alle mense.

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk het met sy Algemene Sinode-sitting in 1994 Kindernagmaal in beginsel goedgekeur. 'n Beter woord sou kon wees: Gesinsnagmaal. Die is 'n beter woord, aangesien dit ten diepste gaan oor verbondsgesinne wat saam hul geloof vier en dit aan hulle kinders oordra (Dieselfde beginsel, as met die Pasga in die Ou-Testament)

Wat beteken die begrip Kindernagmaal?

Kindernagmaal beteken dat die Nagmaal ook aan die kinders (die dopelinge) van verbondsouers bedien mag word. Kindernagmaal is 'n baie ou gebruik in die Kerk. Vanaf Christus se tyd tot ongeveer met die 13de eeu nC was dit algemene gebruik in die kerk. Kindernagmaal het selfs sy wortels in die Ou Testament met die gebruik van Pasga.

Interessant is egter hoe die vroeë kerk die Kindernagmaal verstaan en beoefen het. Geskrifte uit die vroeë kerk voorsien ons wel van inligting insake Kindernagmaal deur die eeue, wat vir ons oorweging belangrik is.

Dat alle gedooptes dan ook inderdaad die Nagmaal mag gebruik, was tot ten minste die 13de eeu vanselfsprekend. Die kinderdoop het vanselfsprekend die Kindernagmaal tot gevolg gehad. Duidelike aanwysings van beide gebruike stam alreeds vanuit die 3de eeu. Ook het die Raad van Macon in 585 nC en die Raad van Toledo in 675 nC die Kindernagmaal onderskryf en selfs praktiese raad gegee in verband met die inrigting daarvan.

Die huidige gebruik om kinders (dopelinge) van gelowige ouers van die Nagmaalstafel weg te hou is eintlik 'n laat ontwikkeling in die Christelike kerk se geskiedenis. As ons dus Kindernagmaal weer instel, begin ons nie met iets nuuts nie. Nee, ons gryp terug na 'n baie ou gebruik in die kerk. Ons beweeg as't ware terug na Handelinge en die gebruike in die tyd van Handelinge. Daarom kan ons nie die Sinode van 1994 beskuldig dat hul met iets nuuts begin het nie.

Wat het veroorsaak dat die kerk in die 13 de eeu begin het om die Nagmaal te weerhou van kinders?

In die begin was daar net een kerk op die aarde, naamlik die Rooms-Katolieke Kerk. In die 13 de eeu het die Pous die sogenaamde *Transsubstansiasieleer* geproklameer. Dit het beteken dat die brood werklik die liggaam van Christus word en dat die wyn werklik die bloed van Christus word (Ons glo dat die brood en wyn slegs tekens is van die Here se liggaam en bloed). Omdat die Roomse Kerk geglo het dat die brood en wyn werklik die liggaam en bloed van Christus word, was hul bang dat die kinders sal mors met die vlees en bloed van Christus. Ons weet mos hoe kan kindertjies mors as hul moet eet. Dit was vir Rome onaanvaarbaar. 'n Mens mors nie met die vlees en bloed van die Here Jesus nie. Daarom het hul begin om die Nagmaal (die "mis") van kinders te weerhou. In die Westerse kerk het die Kindernagmaal heeltemal uitgesterf.

In die Oosterse kerk het die Kindernagmaal egter behoue gebly tot vandag toe. Interessant is weer die ontwikkeling in die latere Rooms-Katolieke teologie. So byvoorbeeld is daar in 1910 deur middel van 'n pouslike dekreet vasgestel dat kinders van die "sewende jaar" die Nagmaal mag gebruik. Rome het dus weer begin om geleidelik terug te keer na die gebruik in die vroeë kerk deur die ouderdom te vervroeg. Tog verhinder hul transsubstansiasieleer dat hul tot op hede suigelinge en heel klein kinders insluit.

Wat sê die Ou Testament oor die bediening van die Pasga aan kinders?

Die Pasga was 'n teken vir die hele gesin, van klein tot oud. In die Pasga is die uittog uit Egipte, die plek van slawerny gevier. Dit was 'n maaltyd van verlossing. Gedurende die Pasga-ete het die Joodse pappas vir hulle kinders, terwyl hulle saam geëet het, verduidelik waaroor die Pasga gaan. Die Pasga was by uitstek 'n stuk onderrigting vir die Joodse kind. Die Pasga vertel die verhaal van die uittog. Soos die Doop in die plek van die besnydenis gekom het, net so het die Nagmaal in die plek van die Pasga gekom. Soos die Pasga 'n fees van verlossing is, is die Nagmaal 'n fees van ons verlossing uit die sonde. Juis daarom moet die hele verbondsgemeente, oud en jonk hieraan deel hê, soos dit die geval met die Pasga was. Die Nagmaal vertel immers die verhaal van Jesus Christus.

Wat sê die Nuwe Testament oor Kindernagmaal?

Verwysings na die wyse waarop Nagmaal in die Nuwe Testament gevier is, is uiters karig. Daar is byvoorbeeld geen verwysing na Vrouenagmaal of Kindernagmaal nie. Behalwe die gedeeltes wat die instelling van die Nagmaal beskryf, word daar slegs in 1 Kor. 10: 14-22 en 1 Kor. 11: 17-34 gewaarsku teen sekere wanpraktyke in die beoefening van die Nagmaal.

Ook soos in die geval van die kinderdoop sal teologiese en pastorale oorwegings die deurslag moet gee in die beoordeling van die Kindernagmaal. Veral die breë verband met die res van die Bybel moet ons aandag geniet, bv. die gebruike rondom die Pasga.

Die eenmalige deurtog deur die Rooi See dien vir Paulus as 'n tipe van die Doop (1 Kor. 10: 4), terwyl die herhaalde manna uit die hemel en water uit die rots wat (volgens rabbynse tradisie) "met hulle saamgegaan het" (1 Ko.r 10:4), dien as tipe van Nagmaal.

Wat is die wese van die Nagmaalsdiens?

Wie is die verbondsgemeente? Almal wat gedoop is, oud en jonk. Daarom moet ook almal deel hê aan die verbondsmaaltyd, want almal is verbondkinders. Daar is nie eerste en tweede klas verbondskinders nie.

Op watter ouderdom mag die Nagmaal aan kinders begin bedien word? Moet daar sekere vereistes aan kinders gestel word?

Daar moet geen vereistes gestel word nie, as behalwe dat hul gedoop moet wees. Ouderdom en bevatlikheid speel nie ‘n rol nie. Verstaan klein kinders en klein babatjies hul doop of glo hulle al? Nee, waarom moet ons dan ‘n uitsondering by die Nagmaal maak? Die doel van Nagmaal is juis dat hul ouers vir hul die verhaal van Jesus Christus in die tekens van brood en wyn moet vertel, sodat hul kan glo en hul geloof versterk kan word. Kindernagmaal is ten diepste ‘n stuk verbondsopvoeding, wat met tyd moet groei.

Wat van die praktiese implikasies? ‘n Mens kan tog nie vir ‘n baba of klein kindjie wyn gee nie?

Daaroor moet elke ouer, saam met die kerkraad self oordeel. Niemand hoef egter te vrees dat dit te vroeg sal gebeur nie. In die algemeen kan gesê word dat wanneer die kind oud genoeg is om te begryp dat Christus gesterf het sodat ons kan lewe, die ouderdom bereik is om sinvol Nagmaal te kan vier. In ons Belydenisskrifte word nêrens ‘n ouderdomsvereiste vir die toelating tot die Nagmaal gestel nie. Ouers moet nie die kosbare geleentheid laat verbygaan om deur die tekens van brood en wyn hul klein kindertjies te vertel van hoe lief die Here vir hul het nie.

Wat word nou van kategese? Moet kategese en Belydenisaflegging nie ‘n voorwaarde wees nie?

Na mate die gebruik van suigeling- en Kindernagmaal in die Roomse kerk verdwyn het, het die sakrament van die bieg (om jou sondes voor die priester te bely) en die Belydenisaflegging ingeskuif tussen die Doop en Nagmaal.

Die Reformasie erken nie die bieg en die Belydenisaflegging as sakramente nie, maar plaas tog die kategese en geloofsbelydenis tussen Doop en Nagmaal. Voortaan sal binne die kerke van die Reformasie die geloofsbelydenis ‘n voorvereiste wees vir die ontvangs van die Nagmaal. Op hierdie punt het die Reformasie dus nie radikaal weggebreek van Rome nie. Beide het “geloof” en “bevatlikheid” as voorvereistes vir toegang tot die Namaalstafel.

So het die klem op die geloofsbelydenis, die deelname van heel jong kinders aan die Nagmaal uitgesluit. Tog is Kindernagmaal vir groter kinders in al die groot stede van die Reformasie beoefen hoewel die toelatingsleeftyd verskil het en meestal nie formeel voorgeskryf is nie. “Geloof” en “bevatlikheid” het telkens die toelating bepaal. In Genevé was dit byvoorbeeld in die omgewing van 11 of 12 jaar. Waarom die Rformasie telkens klem gelê het op die geloofsbelydenis as toelating tot die Nagmaalstafel is miskien te wyte aan die beskuldigings van die Anabaptiste dat die Kinderdoop naam-Christene kweek. Daarom is die belydenisaflegging vir Nagmaal vir Bucer ‘n belangrike saak.

Calvyn het ‘n pragtige regstelling op die Nagmaalbeskouing van Bucer. Vir Calvyn gaan dit nie oor die jong lidmaat se persoonlike geloof nie, maar die kind bely die geloof van die kerk, as geloofsgemeenskap. Nie die subjektiewe geloofsakte nie, maar die objektiewe geloofsinhoud word beklemtoon. Calvyn het dus teologies reg gedink oor die Nagmaal, tog is sy denke nie prinsipieel deurgetrek na die praktyk van die Kindernagmaal nie. Juis daarom verkeer die Gereformeerde kerke in ‘n teologiese vakuum wat betref die Kindernagmaal. Gedurende die laaste paar dekades het daar egter ‘n kentering gekom in die Gereformeerde Kerke. In Europa is Kindernagmaal vandag weer praktyk in talle Europese Gereformeerde Kerke. Onthou kategese maak nie van jou ‘n lidmaat nie! Hoogstens maak kategese van jou ‘n beter geskoolde lidmaat. Eintlik behoort ook volwassennes kategese te deurloop op ‘n informele basis.

Is die Nagmaalsdiens nie, maar juis ‘n besondere Kinderdiens nie?

Kinders hou van sigbare beelde en tekens. Die Nagmaal met die brood en wyn is juis vol tekens en beelde. Die Nagmaalsdiens is by uitstek ‘n Kinderdiens. Wanneer glo ‘n kind? ‘n Heel klein kindjie,

van reeds twee of drie jaar kan alreeds kinderlik opreg in die Here Jesus Christus glo. Het ‘n kind nie ook nodig om in sy/haar geloof versterk te word nie?

Met die herinstelling van die Kindernagmaal, keer ons terug na die oorspronklike gebruik in die kerk. Ons begin nie met iets nie. Daarom moet u seker maak dat u verstaan waarom dit gaan in die Kindernagmaal.

Nagmaal is ‘n verbondsmaaltyd vir die hele verbondsgemeente. As ons by ons huis eet, eet almal saam van groot tot klein. Waarom sal dit verskil rondom die Here se tafel? Die Here wil ook die kind verseker van sy liefde en ook die kind se geloof versterk. Die Nagmaal mag egter nie bedien word aan kinders, sonder dat die tekens verduidelik word nie. Die kritiese faktor in die bediening van die Nagmaal aan kinders is dat, dit ‘n opvoedkundige leerproses moet wees.

Met dit dan gesê, dit is die ouers se verantwoordelikheid om met hulle kinders te praat oor die Nagmaal en te wel hulle geloof. So, mag of mag ons kinders nie die Nagmaal tekens gebruik nie? In kort die argument wat gewoonlik gebruik word “om nee te sê”, word gevind vir baie mense in 1 Korintiërs 11:28-29. Dit is 'n geldige rede, maar dit word nie beperk net tot kinders nie, maar eerder alle gelowiges. As jy jouself skuldig bevind aan 1 Kor. 11:28-29, moet jy nie die Nagmaal vier nie, ongeag jou ouderdom. So die teks kan nie uitsluitlik gebruik word om te redeneer dat kinders nie die Nagmaal mag gebruik nie. Niemand mag jou kind weier om die Nagmaal te gebruik nie, maar indien jy as ouer toelaat dat jou kind(ers) die Nagmaal gebruik, word daar van jou as ouer verwag om met jou kind(ers) te praat oor die Nagmaal, wat is die Nagmaal?; Wat beteken dit?; Hoekom vier ons dit?; Hoe vier ons dit?; ens.? Ons as geloofsfamilie wil juis daarom met ouers hande vat en in vennootskap staan om julle kinders te help groei en vorm in hulle geloof. Hieronder is so bietjie raad, hulpmiddels en idees oor hoe om met jou kinders te praat oor die Nagmaal, sodat hulle dit reg kan verstaan en gereed kan wees om dit reg te gebruik.

Ons is baie bly dat jy die moeite doen om na te dink oor jou kind se deelname aan die Nagmaal! Die Nagmaal is so ‘n spesiale deel van ons geloof. Ons wil daarom graag hê dat dit vir elke kind ook ‘n spesiale ervaring sal wees wat hul geloof bou en versterk. Mag die Nagmaal net nog ‘n spesiale deel wees van die geloofspad wat julle gesin saam stap.

Wanneer is my kind gereed?

Die Nagmaal versterk nie net ons geloof nie, dit leer en vorm ons ook. Elke kind kan aanvoel dat die Nagmaal spesiaal is en met respek behandel moet word. Hulle kan deel aan die diep ervaring van Jesus se vergifnis, aanvaarding en liefde. Hulle kan ook beleef dat hulle deel is van die Kerk. Ouers kan self besluit wanneer hulle kinders gereed is om deel te neem aan die Nagmaal

Wat kinders verstaan

- Babas ontwikkel vertroue in hul ouers wanneer hulle vasgehou en versorg word. Die versorging van die babatjie bou reeds die fondament vir die kind se vertroue in God.
- Een tot Driejariges begin taalvaardighede ontwikkel. Ouers kan met hulle gesels oor die Nagmaal. Hulle kan al verstaan dat die Nagmaal baie spesiaal is - God se geskenk. Hulle kan leer dat Nagmaal ons help om Jesus se ete saam met sy vriende te onthou. Hulle kan ook leer dat ons tydens die Nagmaal vir God dankie sê vir dat hy ons liefhet en vir ons sorg.
- Drie tot Vyfjariges sal nuuskierig wees oor die fisieke aspekte van die Nagmaal: die tafel, die glasies, die brood, ens. Hulle kan die konsep van die Kerk as ‘n familie wat saam eet, al verstaan.

- Ses tot Agtjariges begin histories dink. Hulle kan die verhouding tussen die Nagmaal en Jesus se laaste maaltyd verstaan. Hulle begin ook nou leer om simbolies te dink. Hulle begin verstaan dat die brood Jesus se liefde vir ons verteenwoordig. Hulle kan sien dat die dominee en gemeente in die Nagmaal dieselfde doen wat Jesus tydens die laaste avondmaal gedoen het. Hulle verstaan die Kerk as familie al beter. Gevolglik kan hulle uitgesluit voel as hulle teen hierdie tyd nog nie deelneem aan die Nag-maal nie.

Hoe ouers hul kinders kan voorberei om deel te neem aan die Nagmaal

Selfs terwyl jou kind nog te klein is om self aan die Nagmaal deel te neem, kan hulle saam met jou die Nagmaal bywoon. Hou hulle vas en fluister die hele tyd vir hulle wat gebeur. Help hulle om te besef hoe spesiaal dit is.

Dit is belangrik dat jy deurlopend met jou kind oor die Nagmaal gesels - ook wanneer hulle dit nog nie gebruik nie.

Wanneer jy voel dat hulle gereed is, kan jy spesiaal met hulle begin gesels oor die Nagmaal. Gesels ook ná elke Nagmaal met hulle oor wat gebeur het. Jy hoef nie alles hier onder gelyk (bv. voor hul eerste Nagmaal) te doen nie. Gesels voor elke Nagmaal met hulle. Bevestig dit wat hulle reeds weet en help hulle om nuwe aspekte te ontdek.

1. Beskryf die diens

Teen hierdie tyd het jou kind waarskynlik reeds ervaring van ‘n Nagmaal-erediens. Herinner hulle wat alles gebeur:

- Die formulier word gelees.
- Die tafel word gereed gemaak.
- Die tekens word uitgedeel.
- Die tafelgebed word gedoen.
- Die tekens word ingestel (“neem, eet…”).
- Almal gebruik die tekens saam. Terwyl ons dit doen, dink ons aan wat Jesus vir ons gedoen het. Ons bid en sê vir Hom dankie daarvoor.
- Dankgebed word gedoen.

2. Verduidelik die Nagmaal

Die Nagmaal is ‘n onthou-ete. Dit is ‘n spesiale ete waar ons daaraan dink dat Jesus vir ons sonde gesterf het. Jy kan Lukas 22:19 lees en met hulle gesels oor wat die laaste reël beteken. Ons vergeet en twyfel maklik. Ons is so besig met baie ander dinge, dat ons nie so baie dink aan wat Jesus vir ons gedoen het nie. Die Nagmaal herinner ons aanmekaar daaraan.

Die Nagmaal is ‘n waarborg. Lees Matt. 26:26 en 28. Verduidelik dat die brood en wyn tekens is wat ons aan die liggaam en bloed van Jesus herinner. Dit verseker ons: net soos ons seker is dat ons die brood eet en die wyn drink, net so seker kan ons weet dat ons Jesus se kinders is.

Ons behoort aan mekaar. Met die Nagmaal vier ons die feit dat ons aan Jesus en aan mekaar behoort. Ons geniet saam die maaltyd van Jesus om vir mekaar te sê dat ons broers en susters is in een groot huisgesin: die huisgesin van God. Ons is aan mekaar verbind en is lief vir mekaar. 1 Kor. 10:17 verduidelik dit met die beeld van die brood.

Ons verwag dat Jesus weer kom. Deur die Nagmaal te gebruik, sê ons ook dat ons Jesus se wederkoms verwag. Ons weet dat ons almal wat sy kinders is, eendag by Hom sal wees. 1 Kor. 11:26.

Die Nagmaal is 'n vreugdefees. Ons is bly wanneer ons Nagmaal gebruik, omdat ons Jesus se kinders is. Soos wat mense partytjie hou wanneer hulle bly is oor iets, vier ons die Nagmaal met blydskap omdat ons weet dat die Here ons sonde vergewe het en dat ons Sy kinders is. Nagmaal is dankie sê-tyd. Ons sê vir God dankie vir Sy genade, dat Hy ons sonde vergewe het.

3. Lees die Bybelverhale

Die instelling van die Nagmaal (Matt. 26:17-30; Mark. 14:12-25 of Luk. 22:7-23). Lees die gedeelte - verkieslik uit 'n Kinderbybel. Laat die kinders 'n prentjie teken en laat hulle self die prent verduidelik.

Klei kan ook baie goed werk, omdat dit meer sintuie betrek en meer dimensies het. Jy kan by sommige van die vorige aspekte aansluit om dit weer te verduidelik.

Die Verlore Seun (Luk. 15:11-31). Die gelykenis maak baie mooi duidelik met watter gesindheid ons na die Nag-maal kom. Jy moet jammer wees oor die dinge wat jy ge-doen het wat die Here hartseer maak. Jy moet kom omdat jy Hom graag met jou hele hart wil dien. Gee die kind kans om te erken wat sy/hy verkeerd doen (moet hulle nie met God dreig nie!) en begelei hulle in gebed om dit te bely.

Die Emmausgangers (Luk. 24:13-21, 27-31). Hier lees ons weer van 'n maaltyd waar Jesus die mense laat agter-kom dat Hy by hulle is. Hy was daar by hulle aan tafel en Hy is by ons as ons Nagmaal vier. By die Nagmaal verseker Hy ons dat Hy ons liefhet.

Aspekte van die Nagmaal vir ouer kinders:

- Luk. 22:19-20. Ons gebruik Nagmaal omdat ons daaraan dink dat Jesus vir ons sonde gesterf het. Daardeur het Hy ons sonde vergewe en ons Sy kinders gemaak.
- Matt. 26:26-28. Met die brood en die wyn sê Jesus vir ons dat Hy ons liefhet. Hy het ons só lief dat Hy vir ons gesterf het. Ons kan dit seker weet. Oral en altyd kan jy sê: Ek behoort aan Jesus.
- 1 Kor. 10:17. As ons saam die Nagmaal gebruik, weet ons dat ons die Here se kinders is. Ons wat die Here se kinders is, is Sy gemeente. By die Nagmaal kom jy agter dat jy ook aan die gemeente behoort.
- 1 Kor. 11:26. Die Here sê vir ons in sy Woord dat ons eendag by Hom sal wees. As ons die Nagmaal gebruik, wys dit dat ons mense is wat weet dat ons eendag by Hom sal wees.
- Openb. 19:6. Ons lees hier van die bruilof van Jesus en sy kerk. Dit vertel vir ons dat dit in die hemel soos by 'n troue is. Dit is 'n fees van vreugde en blydskap. So moet ons ook die Nagmaal vier. By die Nagmaal is ons bly omdat God ons liefhet en ons Sy kinders is.
- 1 Kor. 10:16. Hier word gepraat van 'n beker wat dankie sê. Laat die kinders vertel waarvoor ons alles kan dankie sê.

4. Vertel van jou eie ervaring van die Nagmaal – Hoe dit gewerk het toe jy 'n kind was, die eerste keer dat jy Nagmaal gebruik het, 'n spesiale Nagmaal wat jy onthou, wat Nagmaal vir jou beteken, ens.

5. Praat tydens etenstye met jou kind oor die Nagmaal. Jy kan beklemtoon dat dit 'n familie-ete is: Ons is mekaar se broers en susters wat saam eet. Terwyl jy met hulle gesels oor tafelmaniere, kan jy ook met hulle praat oor die manier waarop ons Nagmaal gebruik.

- Die tafel word "gedek" wanneer die tafeldoek afgehaal word.
- Ons sit in ons gedagtes eintlik almal aan die tafel. Die tafel is te klein, so ons bly in die banke, maar ons maak beurte om by die tafel te sit.
- Ons bid voor ons eet.

- Die Nagmaal kom van Jesus af. Die dominee bedien dit namens Hom. Daarom vat die mense wat die tekens uitdeel, dit nie sommer net van die tafel af nie - die dominee gee dit vir hulle aan. Wanneer ons dit dan kry, kom dit van die dominee af wat dit namens Jesus vir ons gee.
- Aangesien die Nagmaal ons herinner dat ons mekaar se familie is, kyk ons mekaar in die oë wanneer ons die tekens aangee.
- Ons wag dat almal "kos" het voor ons eet.
- Ons bid na die tyd om dankie te sê.

Nog 'n paar wenke...

Gesels saam: Wat is vir jou die lekkerste ete/s en hoekom? Bv. verjaardae, Kersfees, by ouma, braai… Hoe het Nagmaal begin? Matt 26:26-30 Wat beteken die wyn en brood by Nagmaal? 1 Kor. 11:23-26 Hoekom vier ons Nagmaal? Hoekom vier ons Nagmaal saam met ander gelowiges? Hoe is al 5 jou sintuie betrokke by die Nagmaal?

Wat beteken die Nagmaal?

Gesels oor een of meer van die volgende betekenisse: dit is 'n herinneringsteken van die kruisiging; dit is 'n vreugdefees omdat ons die opstanding ook vier; dit is 'n gemeenskaplike ete wat ons aan mekaar verbind in die Liggaam; dit is 'n geleentheid om ons sonde te bely en mekaar te vergewe; dit is 'n geleentheid om te onthou dat ons elke dag afhanklik moet wees van Jesus; dit is 'n verbintenis om 'n verskil te maak aan die nood in die wêreld; dit is 'n teken wat ons laat uitsien na die ewige lewe ens.

Wat is 'n gepaste manier om die nagmaal te gebruik?

Doen saam:

- Woon saam die nagmaaldiens by.
- Laat jou kinders tuis 'n prentjie teken / uit 'n tydskrif prentjies sny van brood en wyn en plak dit op waar almal dit kan sien.
- Plaas hierdie week 'n glasie wyn/sap en 'n stukkie brood by 'n kruis iewers in die huis om almal aan die nagmaal te herinner.
- Maak 'n plakkaat (kinders) of *Facebook* inskrywing (tieners) van alles waarvoor jy wil dankie sê vir God.
- Maak toebroodjies of 'n ete vir iemand anders / iemand in nood.
- Bak saam brood of braai saam stokbrood en gesels oor Jesus wat die Brood van die lewe is (Joh. 6:35).
- Seën mekaar met die woorde: "Jesus het vir jou gesterf aan die kruis sodat jy kan leef!"
- Gebruik hierdie uitdeelstuk en laat kinders hul ervaring van die nagmaal neerskryf (dit is in kleur of swart en wit beskikbaar). Die prentjies hier onder kan ook gebruik word:

Nagmaal is 'n wonderlike geleentheid om elke keer met jou kind/tiener oor geloof te gesels – moet dit nie laat verbygaan nie!